

Boodskap vir Sondag 13 September 2020

Gegroet vanuit die pastorie. Daar is 'n erediens gewone tyd Sondag. Al dra ons maskers, probeer ons die diens inrig so na as moontlik aan normaal. Besmoontlik sal ons sodra ons beweeg van Vlak 2 na Vlak 1 van inperking selfs na die erediens kan saamkuier soos van ouds.

Fopnuus is 'n vreeslike ding. Dis soos skinder oor iets waarvan jy nie seker is nie, maar dit is noemenswaardig genoeg om te vermeld. Fopnuus en skinder is soos om 'n sak vere uit te skud terwyl 'n stewige wind waai en

daarna weer te probeer bymekaarkry. Dis gedane skade wat moeilik ongedaan gemaak kan word. Fopnuus en skinder is alledaags beskikbaar in koerante en tydskrifte, in sosiale media en versprei blitsig in samekomste. Meeste van ons was al 'n slagoffer of deelnemer aan die bedryf van fopnuus.

Van die eerste voorbeelde van fopnuus, so vertel Bun Booyens in 'n rubriek, was hier rondom 200 jaar gelede oor 'n gebeure in Kaapstad waaroor berig is in New York. Dit het gegaan oor 'n wetenskaplike wat met 'n nuwe soort van teleskoop by

die Sterrewag baie goed kon sien wat aangaan op die maan. En, so word berig, daar is lewende wesens wat permanent op die maan woon. Die arme onskuldige wetenskaplike in Kaapstad wat niks geweet het van so 'n teleskoop of wesens op die maan nie, het eers agtergekom daar is 'n slang in die gras toe mense hom begin kontak het om bydraes te maak om die wesens op die maan te evangeliseer.

As daar more berig sou word die nuutste inligting vanaf e-teleskope gerig op 'n sonnestelsel miljarde ligjare vêr wys dat daar 'n planeet is soos die aarde wat bewoon word

deur wesens, sou dit jou maak om e-boodskappe soontoe te stuur om hulle te evangeliseer? Dis nie nou meer 1835 nie, maar dalk is daar godsdienstiges wat sulke moontlikhede as 'n gulde geleentheid sou sien tot 'n nuwe sendingveld.

Daar is vele mense wat godsdiens beskou as fopnuus. Godsdiens word voorgehou as 'n dogmatiese tronk, wat mense oogklappe aansit en keer om self verantwoordelikheid vir die lewe te aanvaar. Daar is ook vele mense wat Gód as fopnuus beskou want hoe kan 'n liefdevolle God 'n mensdom toelaat wat so

moor en vernietig. Dan is daar vele mense wat godsdienstige mistiek, oftewel spiritualiteit, as 'n emosionele aanplakkery gelyk aan fopdrif beskou – God, sê hulle, is orde en sy kerk moet stigtelik wees.

Hedendaags preek al hoe meer predikante van 'n teologie van verwondering en ontvouende misterie wat spirituele herontwaking voed in dié sin dat dit mense bewus maak van 'n onverkende en ongeleefde 'kern' van hulle mensheid, aldus Wilhelm Jordaan in die rubriek Van Alle Kante. Mense wat iets van hierdie 'kern' ervaar, vermeld dikwels

buitengewone belewenisse soos verligting, heling, blydskap, oorgawe aan liefde en deernis en 'n ervaring van eenheid met alles en 'n omhelsing van die ganse kosmos, sê prof. Jordaan. Is sulke sieninge fopnuus?

As jy nou moet kies, soos vele mense ernstig voel hulle moet tussen die wetenskaplike sieninge en fundamentele godsdienstige siening oor evolusie, watter een is die fopnuus of is albei waar? Of as jy moet sê watter een is fopnuus: Die wetenskaplike siening oor bewussyn, óf die godsdienstige siening oor spiritualiteit? So kan

mens al die derms uitryg en duiwelsadvokaat speel. Die wysheid is dat beste leuen die een naaste aan die waarheid is. Daarom is fopnuus so effektief – dit is altyd werklik 'n moontlikheid.

Daar is 'n vernuftige oplossing teen fopnuus – een wat die Bybel ook voorhou: Fopnuus gedy bitter moeilik binne 'n gesonde verhouding en wisselwerking. En dit teen die agtergrond dat almal in 'n verhouding staan tot alles waaraan jy fisies of psigies blootgestel word. 'n Verhouding benodig 'n gemeenskaplike ruimte soos liefde of verantwoordelikheid om dit eg te

maak. Die rede waarom sulke gemeensaamheid 'n skans teen fopnuus is, is omdat die wil van God sulke ruimtes kan vul.

In elk geval blyk dit nie fopnuus te wees dat God se Gees alomteenwoordig is nie. Ons noem dit vervulling met die Heilige Gees. Die Gees van God is soos 'n eenrigting filter wat net die waarheid deurlaat. Hierteenoor is die mens se ego weer 'n filter wat maklik enige iets deurlaat wat hom of haar pas. Sonder die hulp van God se Gees is ons gewoon uitgelewer aan ons eie wysheid en omstandigheid-gevestigde gewete.

Jesus weer is 'n goeie voorbeeld om na te volg: Hy het in egte verhouding gestaan met God, God se skepping, ander mense en met Homself. Ons kan sê Jesus was deurdrenk van God se Gees. Hy het geweet wat mense dink, hoe om booshede te ontmasker, dat om te oordeel omtrent altyd spruit uit fopnuus en dat mens jou verantwoordelikhede moet opneem. Daarom kan ons Jesus se Woorde ervaar en aanvaar; ook dié wat sê as ons in Hom bly, ons ook soos Hy kan dink en doen – m.a.w. deurdrenk van God se Gees kan wees. Aan die ander kant is dit

fopnuus dat die mens in eie krag en wysheid bestand is teen die aanslae van misleiding en misbruik.

Fopnuus kom nie net van 1835 se maanwesens se tyd nie, maar reeds vanaf die begin van die mensdom. Wat die 'Slang' aan Eva vertel het, is wesenlike fopnuus. Soos met Adam en Eva gedy fopnuus in die mensdom omdat ons ego so selfgedrewe is dat ons die bome van alle kennis én van die lewe se vrugte wil eet. Wat ons kort, is om die ruimte van egtheid in ons verhouding met alles te skep en sodoende plek te maak vir die vrug van die Gees om te seëvier.

Daar is vele ondersteunende skrifgedeeltes om hierdie lewenswyse, newens dan die bekende gedeelte oor die vrug van die Gees in Galasiërs hoofstuk 5 te bevestig, soos bv.:

- *2 Korintiërs 6:6-7 // Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid en vriendelikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees, deur opregte liefde, deur die woord van die waarheid en deur die krag van God. Ons wapen vir*

aanval en verdediging is om die wil van God te doen.

- *2 Tessalonisense 1:11 // Daarom bid ons ook altyd vir julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak.*
- *Efesiërs 3: 16-17 // Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlijkheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat*

*julle in die liefde gewortel en
gegrondves sal wees.*

- Efesiërs 5:9 // *Uit die lig kom
alles voort wat goed en reg en
waar is.*

Seëngroet (Romeine 15:13): Mag
God, die bron van hoop, julle deur
julle geloof met alle vreugde en
vrede vervul, sodat julle hoop al hoe
sterker kan word deur die krag van
die Heilige Gees!

Amen

Ds. Jan

